

Maandag 21 November

Skrifgedeelte: 2 Petrus 2:1-10

Fokusgedeelte: 2 Petrus 2:4 (AFR53)

God oordeel beslis, Hy het selfs sy opstandige engele nie gespaar nie

Petrus wil ons waarsku teen die *valse leer* wat maklik soos suurdeeg onder ons inkom en versprei. Hy wil daarom dat ons geen illusie moet hê oor die feit dat daar valse leraars is nie, en dat hulle onder ons allerhande onwaarhede in die geheim sal invoer.

Dit is skokkend om te dink dat dit ook 'n realiteit vir die kerk vandag is. Dat daar leraars is wat nie die waarheid leer nie en selfs, soos Petrus sê, met ketterye besig is. Wat nog erger is, is dat hierdie onwaarhede *nagevolg* sal word deur baie in die kerk. En hulle sal dit leer en verkondig as die waarheid. 'n Vreeslikheid dat die kerk besig sal wees om die leuen te verkondig. En omdat die kerk besig is om die leuen as die waarheid te verkondig, sal die *weg van die waarheid gelaster word*. Want die mense sê hulle is die kerk, maar is nie besig met die waarheid nie.

Petrus wys ook daarop dat die verkondigers van die leuen selfs besig sal wees om die lidmate van die gemeente uit te buit vir hulle eie gewin. Dit alles is darem skrikwekkende goed wat in die kerk kan gebeur.

So seker as wat daar valse leraars sal wees, so seker sal God se oordeel oor hulle kom. Hulle sal nie God se oordeel vryspring nie. Dit lyk dalk vir ons of dit nie gaan gebeur nie, of dat die oordeel uitbly, maar hulle vonnis is al gevel en is onafwendbaar. So seker as wat God die engele wat in opstand gekom het, nie gespaar het nie, so sal hulle ook nie gespaar bly nie. Hy het die gevalle engele reeds aan straf oorgee, maar dit is *voorlopig*. Hulle word vir die oordeel bewaar en met die laaste oordeel sal hulle veroordeel word met die ewige straf en in die hel gegooi word. Daar is nie genade vir die *gevalle engele* nie.

So, waarsku Petrus hier, dit is die sekere oordeel wat valse leraars te wagte moet wees.

Sing: Psalm 75-1:2-4

Ds. DJ Dykstra (Dirk) (Nigel)